# GEMEENTEBULLETIN

**3 DESEMBER 2021**

## EREDIENSTE

**SONDAG 5 DESEMBER**

Eredienste word in die kerk en kapel aangebied. Geen besprekings is nodig nie. Die dra van maskers is verpligtend.

**Lig in 'n donker wêreld | Jesaja 8:23-9:6**

Oggenddiens om 08:30 in die kerk | Ds. René Potgieter

Meditatiewe diens om 09:00 in die kapel | Ds. Philipp Dietmann

Familiediens om 09:30 in die kerk | Ds. Marius Breytenbach

Relevantdiens | Hervat na die skoolvakansie op 23 Januarie 2022

## EREDIENSTE IN 2022

Neem asseblief kennis van die verandering in eredienstye in 2022.

**2 tot 16 Januarie 2022 ( elke Sondae tydens skoolvakansies)**

- Oggenddiens om 09:00 in die kerk

**Vanaf 23 Januarie 2022 (elke Sondag tydens skoolkwartale)**

- Oggenddiens om 09:00 in die kerk en aanlyn
- Meditatiewe diens om 09:00 in die kapel en aanlyn
- Familiediens om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn
- Relevantdiens om 18:00 in die kerk en aanlyn

## KAROO-KOEKIES

Diegene wat koekies bestel het om die Karooboere te ondersteun, kan dit op Donderdag 9 Desember by die kerkkantoor kom afhaal.


**KONTAK ONS**

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za


**STELLENBERGERS**

Kopieë van die Desemberuitgawe van die Stellenberger is in die voorportaal van die kerk beskikbaar, of deur die loop van die week by die kerkkantoor.

**ALMANAKKE 2022**

Almanakke is in die voorportaal van die kerk beskikbaar en deur die loop van die week by die kerkkantoor. Neem asb. net een per huishouding aangesien ons 'n beperkte oplaag laat druk het.

## VERKIES TOT DIE KERKRAAD

Zilé de Kock is as ouderling tot die kerkraad verkies. Ons bid haar seën op haar bediening in die gemeente toe.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van:

- Barbette Dawn (Bobby) Niehaus (29/03/1970 - 25/11/2021). Haar roudiens is op Maandag 6 Desember om 10:00 in die kerk. Ons opregte meegevoel met Hanno, haar man, asook hulle twee seuns, Ruben en JJ wat sy agterlaat.
- Gideon Gert Strydom (27/02/1940 - 27 /11/2021). Sy gedenkdiens is op Vrydag 3 Desember om 11:00 in die kerk. Ons opregte meegevoel met Philda, sy vrou, asook hulle dogter, wat hy agterlaat.

## DOOP VANDAG

**By die oggenddiens om 08:30:**

Francois en Jeanne-Lu Vermeulen laat doop vir Gabrielle Maria Vermeulen.

**By die familiediens om 09:30:**

Peter en Toinette Beckert laat doop vir Minka Beckert.

Corné en Jacoline Jongkind laat doop vir Lara Alida Esther Jongkind.

Colin en Joranda Tomas laat doop vir Tyler Robert Tomas.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### KLEUTERKERK

Kleuterkerk word op 5 en 12 Desember vanaf 09:30 tot 10:15 in die kleuterkerklokaal (grootsaal) aangebied.

### VROUEBYBEL-STUDIEGROEP

Die jaarafsluiting van die Vrouebybelstudiegroep op Maandag 6 Desember om 10:00 verskuif vanaf die kleinsaal na die kafeteria.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

## TERUGVOER OOR VRAELYSTE

Baie dankie aan die meer as 400 lidmate wat terugvoering gegee het oor die invloed van die Covid-19-pandemie op die gemeentebediening en lidmate se geloof. Nuttige inligting is ingewin wat deur die kerkraad gebruik word om aanpassings te maak in die wyse waarop Stellenberg funksioneer. Die belangrikste sake wat uitgewys is, word soos volg deur Dirk Brand, leierouderling, opgesom:

- Die gemeente is oorwegend positief. Mense het ten spyte van die swaarkry wat die pandemie veroorsaak het, aangepas en mekaar ondersteun. Daar bestaan dankbaarheid vir die gemeente se bedieningsmodel in dié tyd en die gemeente as 'n geestelike tuiste is opnuut bevestig.
- Daar is nuwe geleenthede vir geestelike groei. Alhoewel baie mense aangedui het dat hulle tydens die pandemie geestelik gegroei het, is daar ook heelwat ander wat sukkel en ondersteuning nodig het.
- Daar is 'n behoefte aan meer persoonlike kontak. Die fisiese afstand wat die inperkingsmaatreëls geskep het, het 'n negatiewe impak op mense gehad en die behoefte aan persoonlike kontak, op 'n individuele basis, sowel as by groepsgeleenthede, is bevestig.
- Die digitale bediening (eredienste, dagstukkies, Bybelskool, kategese, telefoonoproepe, sosiale media en webwerf) het nuwe mense, selfs van oorsee, by ons gemeente betrek. Dit vorm nou 'n belangrike deel van Stellenberg se bediening.
- Gereed vir verandering en vernuwing. Dit blyk uit die vraelys dat mense positief is oor vernuwing (een van die gemeentewaardes), wat onder andere in die eredienste gestalte kry, maar ook in ander fasette van ons kerkwees.
- Die vlugvoetige benadering van gemeenteleiers om tydens hierdie uitsonderlike tyd leiding te gee en vernuwend te dink, blyk die regte benadering te wees. Dit kon ons slegs doen omdat ons **behoort aan** God en aan 'n geloofsgemeenskap wat saam 'n verskil in die wêreld maak.
- Die kerkraad het besluit om vanaf 2022 eredienste weer soos voorheen in te rig met die oggenddiens om 09:00 in die kerk en familiediens om 09:00 in die kleinsaal.

### AANLYN BYBELSKOOL


Stellenberg Bybelskool bied aan: Hoop in hooplose tye. Die Bybelskool het hierdie jaar probeer aandag gee aan Bybelboeke wat ons selde lees en sluit die jaar nou met 'n kort drieweke-kursus oor die Bybelboeke Ester en Daniël af. Kyk gerus aanlyn op www.stellenberg.co.za na die kursus.

### HULP@STELLENBERG.CO.ZA

Die leraarspan is diep onder die indruk van die fisiese en psigiese nood wat gesinne en individue te midde van die pandemie beleef en wil graag waar moontlik die nodige ondersteuning aanbied. Indien jy nood van enige aard ervaar, stuur asb. 'n e-pos aan hulp@stellenberg.co.za. Boodskappe word met groot diskresie deur slegs twee leraars hanteer.

## TIENDEMAANDINSAMELING 2021

In November vind die gebruiklike tiendemaandinsameling plaas. In die gees van DANKBAARHEID gee ons soos in die Ou Testamentiese tye 'n tiende terug aan die Here, omdat alles wat ons ontvang, as 'n gawe uit sy hand beskou word. Stellenberg streef ook daarna om 'n derde van ons inkomste na buite aan te wend. So vorder die insameling:




## VAKATURE KERKKANTOOR

'n Vakature vir 'n ontvangsdame bestaan. Dit is 'n 6/8-pos met kantoorure vanaf 08:00 tot 14:00. Die pos behels algemene ontvangs en kantooradministrasie. Die geskikte kandidaat moet rekenaarbedrewe wees, goeie menseverhoudinge handhaaf en oor goeie administratiewe vaardighede beskik. Aanstellingsdatum: 1 Februarie 2022. Stuur 'n volledige CV na odette@stellenberg.co.za. Aansoeke sluit op 7 Januarie 2022.

## AFLOSKLANKOPERATEUR

Hoërskoolleerders, studente of jongwerkendes met 'n aanleg vir multimedia-aanbiedings en wat belangstel om ondervinding as 'n klankoperateur op te doen word benodig om die klank tydens eredienste te behartig. Vergoeding word aangebied. Kontak asb. vir Hanlie by hanlie@stellenberg.co.za indien jy belangstel.

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente se selfoonnommer is 081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram-boodskap na dié nommer gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Ontvang elektroniese nuus soos die weeklikse bulletin en maandelikse Stellenberger asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos deur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za te stuur.

### BANKBESONDERHEDE

NG kerk Stellenberg

ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005

### SNAPSCAN